# SAMEVATTENDE RESOLUSIES

B.J. VAN DER WALT, *Instituut vir Reformatoriese Studies, Potchefstroom*

*ABSTRACT*

*The author gives a recapitulatory résumé in the form of resolutions of the four lectures and the subsequent discussion during the Stoker Lectures on 26 March 1982. The inter-dependence of Philosophy, subject philosophy and specific disciplines has the result that*

* *none of these may over-estimate itself and consequently under-estimate the others;*
* *a watertight division is impossible seeing that scientists from all these fields within the context of science are often involved with issues which overlap the fields of the others;*
* *the religious bias and the specificity of all science have to come to expression in spite of the distinction between Philosophy, subject philosophy and specific disciplines; and*
* *subject philosophy constitutes the bridge which makes possible twoway traffic between Philosophy and subject disciplines.*

Die doel van hierdie stellings is om in 'n vingerhoed die vier lesings en die bespreking daarvan te probeer saamvat. Wat presies is nou die betekenis van die Filosofie vir die wetenskappe? Dit gaan vanaand dus nie oor die omgekeerde vraag: Wat kan die ander wetenskappe die filosofie leer nie?

Die aandag sal veral gevestig word op die punte waaroor ek dink dat ons saamstem. Nie dat ek dink dat die punte waarop ons ooreengekom het om te verskil, nie belangrik is nie. Hierdie verskilpunte hoort egter op die agenda van toekomstige samesprekings.

Dit is nogal 'n opdrag om tydens die aanhoor van die inleiding die groot verskeidenheid van gedagtes sistematies tot 'n eenheid saam te vat. Ek het nie uit eie vrye wil aangebied om die nie benydenswaardige opdrag te verrig nie — ek het opdrag ontvang om dit te doen en vind my half in die posisie van die filosoof wat — soos gewoonlik — laat gekom het vir 'n filosowekongres. Voordat hy daar aangeland het, het die kongresgangers mekaar alreeds so in die hare gevlieg oor die kwessie van die vrye wil dat hulle besluit het om maar liewer in twee afsonderlike groepe verder te vergader: die deterministe in een saal en die indeterministe in 'n ander.

**Koers, 47(2) 1982**

**Van Niekerk**

Toe die laatkommer by die een saal aanklop (dié van die deterministe) en vra of hy maar kan inkom, was die eerste agterdogtige vraag: "Wie het jou gestuur?" "Niemand het my gestuur nie. Natuurlik het ek uit my eie vrye wil kongres toe gekom!" Dit was egter genoeg vir die deterministe: "Dan hoort jy nie by ons nie maar by die groep in die ander saal!"

Toe hy by die ander saal aankom was die eerste vraag van die indeterministe: "Het jy uit eie vrye wil hierheen gekom?" Salig onbewus van wat aan die gang was en voor sy aankoms reeds afgespeel het, dag die onnosele filosoof hy sal maar liewer nie weer sê hy kom uit eie vrye wil nie. "Nee, ek is hierheen gestuur deur ...". Voordat hy egter sy sin kon voltooi, word ook die saal se deur in sy gesig toegeklap!

Die enigste rede waaraan ek kon dink waarom juis ek die resolusies moes opstel, is (soos die Tswanaspreuk lui) 'n bobbejaan nie bewus is van sy lelike snoet nie of (soos die Xhosas sê) 'n muishond (gelukkig!) nie van sy eie aroma bewus is nie!

Aangesien filosowe graag hulle filosofiese vryheid gebruik "to study the facts and draw their own confusions," moet u asseblief help as te veel van my eie siening na vore kom en die standpunte van die sprekers dalk nie korrek weergegee word nie.

Aangesien sewe die getal van die volheid is, volstaan ek met die volgende sewe stellings. Hiewel drs. P.J. van Niekerk se inleiding die laaste gelewer is, begin ek met sy algemene inleiding oor die waarde van die Filosofie om daarna te kom by die toepassing daarvan op die gebied van beroepsopleiding, die Ekonomie en die Teologie.

STELLINGS

1. Die eerste stelling is *negatief:* Ons verwerp

* die gedagte dat een wetenskap wetenskapliker of nuttiger as 'n ander sou wees;
* die vrugtelose getwis oor wie die koningin en wie die diensmaagd(e) in die huis van die wetenskap is;
* die opvatting dat een wetenskap alleen of by uitstek Christelik sou wees en dat die ander vir hulle Christelike karakter van een wetenskap afhanklik sou wees;
* die beskouing dat 'n wetenskap as sodanig uit die bose en dus die

vader/moeder van alle ketterye is, of, anders gestel: dat die sondeval net in die een vak sou plaasgevind het!

- die veronderstelling dat elke wetenskap geïsoleerd agter sy eie ystergordyn kan bestaan in plaas daarvan dat dit net 'n dun kantgordyntjie is wat die vakke onderskei (onderskeiding en nie skeiding nie is die regte weg).

2. *Die geskiedenis toon aan* dat die verskillende wetenskappe

- nie net uit die filosofie ontwikkel het nie
- maar dat die filosofiese vader ook na die mondigwording van die verskillende wetenskappe nog steeds invloed op hulle het en hulle graag wil — en kan — help.

Die volgende twee *redes* kan vir hierdie filosofiese beïnvloeding aangegee word:

- Alle wetenskappe is aan lewensbeskoulike invloede onderworpe. Aangesien die filosofie juis onder andere ook die wetenskaplike uitdrukking van 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing is, sal dit noodwendig op die ander dissiplines invloed hê.
- Filosofie bestudeer in die eerte plek die *samehang* van die groot verskeidenheid in die werklikheid, terwyl die ander wetenskappe elkeen primêr op 'n faset van die ryke *verskeidenheid* toespits. Die nie-filosofiese wetenskappe moet egter ook die verskynsels (binne hulle terreine van ondersoek) se verband(e) met die geheel ondersoek. 'n Onderdeel kan nie reg geken word indien dit nie in sy samehang met die geheel bekyk word nie. (Hiermee word natuurlik nie ontken dat die geheel ook nie sonder sy dele reg begryp kan word nie.) Op hierdie punt kan die Wysbegeerte (wat veral in die samehange geïnteresseerd is) die ander vakke dus van hulp wees of — as u wil — beïnvloed. (Die omgekeerde invloed/hulp, nl. dié van die ander wetenskappe op die Filosofie, word nie hiermee ontken nie, maar dit gaan nie tans daaroor nie.)

3. Dit is *belangrik om die volgende te onderskei (sonder om te skei) en nie te verwar nie:* religie, filosofie, vakfilosofie en vakwetenskap. Dit kan met die beeld van 'n boom verduidelik word: die penwortel (religie), die stam (die filosofie waarin alles nog één is), die takke (die vakfilosofieë) en die vrugte (die vakwetenskappe)). Die religie is die wortel, oorsprong. Die filosofie gee die totaalblik (sonder om totalitaristies te wees). Die filosofie is die tweerigtingskakel tussen die Filosofie en die vakwetenskappe. Die vakwetenskappe bied

die konkrete vrugte: 'n heerlike lemoen, appel, perske, druif ens. (Soos alle beelde klop hierdie beeld nie in alle opsigte nie!)

'n Beter beeld, wat later tydens die bespreking na vore gekom het, is myns insiens dié van 'n huis met 'n fondament (religie), verskillende kamers (wetenskappe) wat deur mure geskei maar met deure (die vakfilosofieë) aan mekaar verbind is, en 'n dak oor die geheel (die Wysbegeerte).

Indien hierdie onderskeid nie gehandhaaf word nie, kan 'n vakwetenskaplike teorie of selfs die verabsolutering van 'n bepaalde vak (sg. -isme) byvoorbeeld maklik vir 'n filosofie aangesien word!

4. In die lig hiervan kan die *filosofie onder andere die volgende hulpdienste aan die ander wetenskappe lewer:*

* Dit kan help om die *plek en onderlinge samehang* van die wetenskappe in die ensiklopedie van die wetenskap aan te dui. (Wat ekonomie of teologie is, is nie net 'n ekonomiese/teologiese vraag nie. Om te kan bepaal wat ekonomies/teologies is, moet 'n mens 'n geheeloorsig hê en byvoorbeeld weet wat nie-ekonomies of nie-teologies is!)

* Die filosofie kan as *integrerende, samebindende faktor* optree, sodat (onder andere as gevolg van voortgaande spesialisasie) die geheelvisie nie verlore raak nie en die universiteit (*universitas scientiarum)* 'n multiversiteit word — fabrilisering volgens K.J.P.

* Wysbegeerte kan as *kritiese gewete* funksioneer deur byvoorbeeld 1. die verskillende wetenskappe aan te spoor om oor hulle voorveronderstellings, basiese uitgangspunte, doelstellings ens. na te dink en 2. te waarsku teen die verabsolutering van die eie vakperspektief en daardeur in -ismes (bv. ekonomisme, teologisme) te verval.

5. Met betrekking tot die *waarde van die Filosofie spesifiek vir beroepsopleiding* (inleiding van drs. J.J. Venter) lê ek die volgende stelling ter oorweging voor:

* Die toenemende professionalisering van die universiteit moet nie negatief beveg word nie, maar dit moet deur die Filosofie (en ander nie brood-en-bottervakke) eerder positief as 'n nuwe geleentheid benut word. Professionalisering maak Filosofie nie nutteloos nie maar eerder nog noodsaakliker. Die rede hiervoor is veral dat die tegniese vaardighede

in ons so snel veranderende samelewing baie gou verouderd en onbruikbaar word. Die basiese wysgerige perspektiewe bly egter. En dit is juis vir hierdie diepste filosofiese vrae/probleme (oor bv. die mens, die sin van arbeid, gesag, mag, verantwoordelikheid, geregtigheid ens.) waarop die professies vandag in toenemende mate gedwing word om antwoorde te gee. (Die beroepslui kan nie meer net vra "*Hoe* doen ek iets?" nie maar "*Waarom* doen ek dit, *waarmee* is ek eintlik besig?")

* Onderrig in die Filosofie sal egter krities bekyk moet word en heel waarskynlik grondig herstruktureer moet word, sodat:

— dit selfstandig, kreatiewe denke as oogmerk het en filosofie nie ter wille van Filosofie (as vak) gedoseer en bestudeer word nie (leer filosofeer en nie net Filosofie leer nie!);

— 'n interdissiplinêre aanpak tot stand kom;

— 'n Christelike akademiese gemeenskap waarin 'n oop gees tussen wetenskappers ontwikkel;

— gerugsteun deur 'n simpatieke universiteitsowerheid wat, ten spyte van probleme (soos vol leerplanne, roosterprobleme en die streng beperkende eise van beroepsverenigings) die Filosofie die geleentheid sal bied om ook sy beskeie bydrae tot beroepsopleiding te lewer;

— filosofie ook vir tegniese kolleges uiters belangrik word.

6. Met betrekking tot die *waarde van die Filosofie spesifiek vir die Ekonomie, nader Bedryfsrekeningkunde* gee ek die volgende stelling ter oorweging:

'n Christelike filosofie kan hier 'n beskeie diens lewer (indien dit die produksieproses verstaan) om 'n normatiewe ekonomie te help skep as dit met die agtste gebod ("Jy mag nie steel nie") as uitgangspunt begrippe soos "behoefte (bevrediging)", "koste", "waarde" en "doelmatigheid" 'n eie inhoud kan gee.

7. Met betrekking tot die *waarde van die Filosofie spesifiek vir die Teologie* (inleiding van prof. J.C. Coetzee) lui my stelling soos volg:

Filosofie kan vir die Teologie sowel gevaarlik as heilsaam wees, dit kan die Teologie help maar ook verlei. Uit die geskiedenis van die antieke en moderne teologieë blyk dit

* dat ook al wou sekere teoloë hulle nie met *die filosofie bemoei nie*, verskillende filosofieë wel deeglik hulle invloed op die teologieë gehad het;

* dat hierdie wysgerige beïnvloeding *soms onbewus* maar dikwels *ook bewus* plaasgevind het — soos byvoorbeeld daaruit blyk dat 'n afgeleefde filosofie vir 'n jongere modefilosofie die teologiese huis uitgesit is (vgl. die geval deur prof Coetzee genoem waar die vroeëre Heidegger vir die latere Heidegger verruil is!);

* dat die kontak tussen Filosofie en Teologie nie net op *formele* vlak plaasgevind het sonder dat die filosofie ook die teologie *inhoudelik* beïnvloed het nie (dit teenoor diegene wat beweer dat die Filosofie die Teologie alleen kan help in die sin dat dit tot *helderder* begripsvorming of die vorming van *nuwe* teologiese begrippe 'n bydrae kan lewer);

* dat die invloed ook nie net tot *sekere teologiese vakke* (soos byvoorbeeld die Dogmatiek, wat van filosofies swaar gelaaide begrippe byvoorbeeld "substansie", "wese", "persoon" ens., gebruik gemaak het) beperk was nie — dit blyk vandag ook duidelik op die gebied van die hermeneutiek en eksegese.

* dit blyk vir die *Christelike teoloog dalk beter* te wees om *liewer die geselskap van 'n Christelike filosofie op te soek* as om te maak asof hy die Filosofie nie nodig het nie — en homself dalk aan 'n "chance philosophy" uit te lewer (Whitehead)!

* Hoewel gewoonlik gedink word dat die geskiedenis van die Filosofie antikwariese werk is (ou koeie uit die sloot van vervloë eeue grawe!), is dit volgens prof. Coetzee juis van die allergrootste belang in die opleiding van aanstaande teoloë, sodat hulle hulle vak grondig kan peil.

Hoewel dit nie in die lesings daaroor gegaan het nie, moet aan die ander kant ook gestel word dat, aangesien die Christelike Teologie so na aan die Bron van die Lig staan (die Skrif as sy terrein van ondersoek), dit op sy beurt van ontskatbare waarde kan wees vir 'n filosoof (*in casu* enige wetenskaplike) wat "in U lig" wetenskap wil beoefen.

## SLOT

Dit is vir my (uit die lesings en bespreking) duidelik dat die vakwetenskappe

nie sonder die Filosofie nie en die Filosofie ook nie sonder die vakwetenskappe kan klaarkom nie. Om 'n goeie wetenskaplike te kan wees moet jy ook kan filosofeer, met ander woorde insig in die dieper vrae en probleme hê. En om 'n goeie filosoof te wees — en enige betekenis vir die wetenskappe te hê — moet jy ook kan spesialiseer.

Die Filosofie moet daarteen waak om hom self te *oorskat*. 'n Mens mag byvoorbeeld nie die Filosofie (as onmisbare middelares) tussen die (Christelike) religie en die vakwetenskappe inskuif nie. Filosofie is nie *die* waarborg vir goeie — of slegte ! — wetenskap nie.

Aan die ander kant het dit ook baie duidelik geblyk dat die vakwetenskappe nie die invloed van die Filosofie mag *onderskat* nie.

Vir *philosophia regina scientiarum* (die Filosofie as koningin van die wetenskappe) is daar in 'n Reformatoriese wetenskapsbeskouing nie plek nie. Vir *philosophia ancilla scientiarum* (Filosofie as diensmaagd) is daar egter volop ruimte!

Gedruk deur PU